

'n Wonderlike ruiltransaksie

Hoe kom jy in die hemel? Deur jou goeie werke, deur jou afkoms, deur verskonings? Deur die wet te onderhou? Nooit!

Hoe dan? Alleen deur jou geloof in Jesus Christus ontvang jy die verlossing. Hier vind die ruil nou plaas – Christus staan in jou plek en jy in syne. Hy neem jou sondes op Hom en jy ontvang sy geregtigheid. Die verlossing in Christus geld vir elkeen wat glo. Jou afkoms, agtergrond, gedrag en optrede in die verlede maak nie saak nie. Jou geloof is die belangrikste. Omdat jy glo, besef jy hoe groot jou sonde en ellende is en ook jou eie onvermoë om iets daaraan te doen.

Hoe het Christus in jou plek kom staan? Hy het as offer met sy bloed versoening bewerk vir jou wat glo! Deur Christus oordeel God regverdig deur elkeen wat glo vry te spreek. Hierdie wonderlike ruiltransaksie is onverdiend, uit God se genade alleen. Daarom het jy niks om oor te roem of om oor groot te praat nie. Jy het niks om aan te bied of te gee nie. Niks wat jy het kan jou 'n kaartjie hemel toe gee nie. Jy kom eendag in die hemel alleen deur jou geloof in Christus.

As die Here ons sonde na reg sou gadeslaan/straf, wie van ons sou kon bestaan? Ons sou reguit op pad na die ewige verdoemenis gewees het, maar God gee Christus in jou plek. Jy is op pad hemel toe.

Wat 'n wonderlike voorreg en heerlike vooruitsig is dit nie!

Psalm 118: 1, 11

Ds. W Vogel (Cachet)